# Maria Magdalena

## Die vrou wat die wêreld nooit kan vergeet nie

**Robert J. Wieland**



Hierdie treffende verhaal in die Markus-evangelie sal almal wat bereid is om te luister, bekoor. Soos 'n kosbare juweel wat in 'n lelike pot vertoon word, is dit tussen twee van die ergste stories wat nog geskryf is, geplaas - die een oor die Joodse leiers se kruisiging van Christus, en die ander oor Judas Iskariot se verraad teen Hom.

In die middel hiervan staan die verhaal van hierdie vrou wat so erg verdraai is deur seksuele uitbuiting dat die Bybel sê “sewe duiwels” het oor haar beheer gekry. Die vier Evangelies verskaf verbasend baie en komplekse inligting van wie sy was en hoekom sy hierdie vreemde daad gedoen het. Tog het Jesus ons die plig opgelê om hierdie verhaal van Maria Magdalena te vertel.

“ORAL WAAR HIERDIE EVANGELIE OOR DIE HELE WÊRELD VERKONDIG WORD.”

Hierdie boek moet 'n gedeeltelike vervulling van Sy opdrag wees!

**Gedruk in Suid-Afrika deur**
**Maranatha Media**

**Epos:** adrian@maranathamedia.com
**Webtuiste:** maranathamedia.co.za

**Vertaal na Afrikaans: 2025**

**Uitleg en Ontwerp: Talking Rock Sabbath Chapel, Talking Rock, Georgia, Verenigde State van Amerika**

**Inhoud**


Voorwoord ........ 6

Waarom skryf ons oor Maria Magdalena? ........ 8

Hoofstuk 1: Ontmoet ‘n Buitengewone Dame ........ 10

Johannes verskaf ander belangrike inligting wat Markus weglaat ........ 12

Wie was hierdie dame? ........ 12

Hoe kon sy ooit so geword het? ........ 13

Hoofstuk 2: Hoe Maria vir Jesus Ontmoet Het ........ 16

‘n Les uit Jesus se Gebede ........ 18

Nou is Sy Uiteindelik Vry! ........ 19

Hoofstuk 3: Hoe Kan Maria “Dankie” Sê? ........ 19

Simon Kom in die Kollig ........ 21

Maar hoe kon hy? ........ 22

Wat *kon* Jesus vir hom doen? ........ 24

Wat het dan met Maria gebeur? ........ 26

Hoofstuk 4: “Wat is Geloof?” Jesus Antwoord ........ 26

Die skakel tussen die liefde van Christus en die geloof van Maria ........ 28

Het sy Jesus gehelp? ........ 28

Verskuldig aan Christus en verskuldig aan hierdie vrou! ........ 29

Maar hoekom het Jesus haar so buitensporig geprys? ........ 29

Dis Pateties, Ons sien Onsself in die Kil Harte van Simon en die Twaalf 32

Hoofstuk 5: Hoe Maria se daad Christus se offer vir ons illustreer ........ 33

Oordink die *offer* van Maria se daad ........ 33

Die *grootsheid* van Maria se daad skyn die helderste wanneer dit vergelyk word met dié van Jesus se offer ............................................ 34
Pasop vir ‘n misverstand .................................................................... 37
Hoofstuk 6: Die “Werke” Wat Maria Se Geloof Gedoen Het ..................... 37
Ons skuld die volle vyfhonderd pennings ............................................. 39
Hoofstuk 7: Maria Magdalena en Daardie Vreemde “144 000” ................ 40
Die “144 000” het ‘n spesiale rol in hierdie laaste groot drama ............ 43
Maria, jou broers en susters is op pad!................................................. 44
Jesus was verheug voordat Hy sy laaste asem uitgeblaas het .............. 46

**Voorwoord**

Die verhaal van hierdie vreemde dame is legendaries onder die verhale van die Bybel. Met die moontlike uitsondering van die moeder van Jesus, is meer oor haar geskryf as oor enige ander vrou.

Maria Magdalena spreek die verbeelding aan van byna almal wat hoor van haar geheimsinnige en uitheemse daad om Jesus se voete met “kosbare salf” te salf en dit dan met haar trane af te was – hierdie daad is enig is sy soort van verhale aangeteken in die geskiedenis van die mensdom.

Die mees monumentele werk in druk oor Maria is moontlik Susan Haskins se *Mary Magdalene: Myth and Metaphor* (Harcourt en Brace, 1993). Dit is 'n yslike werk met 518 vakkundige bladsye, dit bevat baie endnotas en is behoorlik geïndekseer. Dit ondersoek die nie-kanonieke “evangelies” en die geskrifte van kerkvaders en geleerdes deur die eeue heen, vanuit verskeie godsdienstige kunste. Die basiese boodskap daarvan: die misterie verdiep net hoe dieper in nie-Bybelse literatuur en kuns gegrawe word.

Ons beskeie werkstuk handel net oor wat in die vier Evangelies – Matthéüs, Markus, Lukas en Johannes, aan die lig kom. Maar wanneer konteks by elkeen gevoeg word, kom 'n verrassend gedetailleerde portret van hierdie dame na vore.

Daar moet 'n rede wees waarom Jesus almal in die wêreld se spesiale aandag aan haar daad opgeroep het, waar ookal “hierdie evangelie” verkondig word. Kom ons verken die storie:

> Twee dae later sou dit die paasfees en die fees van die ongesuurde brood wees. Die priesterhoofde en die skrifgeleerdes was op soek na 'n plan om Jesus op 'n slinkse manier gevange te neem en dood te maak. Hulle het gesê: “Nie op die fees nie, sodat daar nie miskien oproer onder die volk kom nie.”
>
> Jesus was in Betanië in die huis van Simon die melaatse. Terwyl Hy aan tafel was, het daar 'n vrou gekom met 'n albaste fles egte, baie duur nardusolie. Sy het die fles oopgebreek en die inhoud daarvan op sy kop uitgegiet. Party van die mense het onder mekaar hulle verontwaardiging uitgespreek:

“Waarvoor is hierdie vermorsing van reukolie? Hierdie reukolie kon vir meer as drie honderd silwermuntstukke verkoop en die geld vir armes gegee gewees het.” En hulle het teen haar uitgevaar.

“Laat staan haar,” het Jesus gesê. “Waarom maak julle dit vir haar moeilik? Sy het 'n goeie daad aan My gedoen. Julle het tog altyd armes by julle, en wanneer julle wil, kan julle aan hulle goed doen, maar vir My het julle nie altyd by julle nie. Wat sy kon, het sy gedoen. Sy het vooruit al my liggaam gesalf as voorbereiding vir my begrafnis. Dit verseker Ek julle: Oral waar die evangelie in die hele wêreld verkondig word, sal daar ook vertel word wat sy gedoen het, tot 'n herinnering aan haar.”

Judas Iskariot, wat een van die twaalf was, het sy hulp vir die priesterhoofde gaan aanbied om Jesus in die hande te kry. Toe hulle dit hoor, was hulle bly en het hulle belowe om hom daarvoor te betaal. Hy het toe na 'n plan gesoek om Hom by 'n geskikte geleentheid te verraai. (Markus 14:1-11, 1983 vertaling).

**Waarom skryf ons oor Maria Magdalena?**

Waarom het Jesus gesê dat die verhaal van een slegte sondares oral vertel sal word?

1. Soos 'n fotografiese afdruk met sy negatief ooreenkom, so het haar vreemde daad ooreengekom met Sy groot opoffering. Jesus moes haar verdedig, want daarmee het Hy Homself, sy kruis, verdedig.
2. Sy het 'n enorme prys betaal vir daardie albaste fles kosbare salf (300 pennings, die jaarlikse loon van 'n werkende man). Jesus het 'n enorme prys betaal om ons te verlos.
3. Wat Maria gedoen het, was wild, uitspattig – 'n hele fles "baie kosbare" salf is "vermors", terwyl net 'n teelepel vol nodig was; net so was Jesus se daad ook (meer nog!) buitensporig – sy bloed is vergiet, genoeg om 'n hele wêreld te red, terwyl net 'n handjievol mense sal reageer.
4. Maria se motief was totaal onselfsugtig; sy het nooit daaraan gedink om geprys te word nie. Al wat sy wou doen, was om te sê: "Dankie, Here, dat U my siel gered het!" Jesus se motief was dus bloot liefde vir verlore mense, geen verkrygingsdoel is ingemeng om daardie suiwer vlam van toewyding vir ons te vertroebel nie. Maria het onbewustelik die motiewe van Jesus weerspieël. Haar persepsies, haar onderskeidingsvermoë, was meer sensitief as dié van enige van die twaalf dissipels.
5. Die Bybel sonder haar uit as 'n "sondares", bedoelende een wat uitstaan (sien Lukas 7:37); sy is "baie vergewe", nie min nie. Sy het dit geweet, dit besef; daarom kon haar sondige hart, wat nou bekeer is, vergroot word om "baie lief te hê" (Lukas 7:47). Daarom was haar wonderlike daad die mooiste wat nog ooit deur enige berouvolle sondaar in die geskiedenis gedoen is.
6. Jesus het dus in haar 'n voorbeeld gesien, 'n "prototipe", 'n demonstrasie, van wat Sy *agape*-liefde uiteindelik in "144 000" mense kon en sou voortbring.
7. Haar liefdesdaad het geensins tot haar redding bygedra nie; dit was slegs 'n uitdrukking van dankbaarheid vir haar verlossing wat *reeds volbring* is.

So het Jesus die duidelikste demonstrasie van wat die woord *geloof* beteken, omskryf: “Gaan in vrede,” het Hy gesê. “Jou geloof het jou gered” (Lukas 7:50, AOV). Jesus het vir alle tye wat kom 'n duidelike definisie van geloof vasgestel: 'n hartswaardering vir dit wat Hy vir ons gedoen het om ons uit die hel self te red. Wanneer geloof so verstaan word, kan dit niks anders doen as “werk” nie (sien Galasiërs 5:6).

**Hoofstuk 1: Ontmoet ‘n Buitengewone Dame**

Wat kan “die waarheid van die evangelie” doen vir iemand wie se lewe 'n tragiese ruïne geword het?

Sy was 'n vrou met geen hoop; sy was erg verdraai deur seksuele uitbuiting. Die verwoestende nagevolge daarvan was so erg dat die Bybel sê dat “sewe duiwels” oor haar beheer gehad het (Markus 5:2,8,9,15; 16:9). Kom ons hersien die verhaal in ons Ou Afrikaanse Bybelvertaling:

> En toe Hy in Betánië was, in die huis van Simon, die melaatse, terwyl Hy aan tafel was, kom daar ‘n vrou met ‘n albaste fles met egte, baie kosbare nardussalf; en sy breek die albaste fles en gooi dit op sy hoof uit.
>
> En daar was sommige wat by hulleself verontwaardig was en gesê het: Waarvoor het hierdie verkwisting van die salf plaasgevind? Want dit kon vir meer as drie honderd pennings[1] verkoop en die geld aan die armes gegee geword het. En hulle het teen haar uitgevaar.
>
> Maar Jesus sê: “Laat haar staan; waarom val julle haar lastig? Sy het ‘n goeie werk aan My gedoen. Want die armes het julle altyd by julle, en wanneer julle wil, kan julle aan hulle goed doen; maar My het julle nie altyd nie.
>
> Wat sy kon, het sy gedoen. Sy het vooruit al my liggaam vir die begrafnis gesalf. Voorwaar Ek sê vir julle, oral waar hierdie evangelie oor die hele wêreld verkondig word, daar sal ook gespreek word van wat sy gedoen het, tot ‘n gedagtenis aan haar.” (Markus 14:3-9).

Markus identifiseer nie hierdie vrou nie, maar hy gebruik 'n literêre middel wat wys op die dame wat Maria Magdalena genoem word in Markus 15:40, 47 en Markus 16:1, 9. Matthéüs vertel die storie baie soos Markus doen, en hy identifiseer ook nie die heldin nie (Matthéüs 26:6-13). Maar Johannes identifiseer haar duidelik (Johannes 12:2-9).

---

[1] *300 pennings of ‘n Denarius was ’n Griekse muntstuk gelykstaande in waarde aan ’n arbeider se loon vir ’n dag (Matthéüs 20:2). Driehonderd sou ongeveer 'n jaar se loon wees.*

Sy is óf 'n briljante persoon wat als in-die-kol doen, óf sy blyk 'n wilde fanatikus te wees. Daardie “driehonderd pennings” (silwer munte) is 'n baie groot som geld wat sy in net 'n paar oomblikke van aromatiese saligheid by hierdie partytjie vermors het. Aanvanklik wil dit voorkom asof die “sommiges” wat nie gehou het van wat sy gedoen het nie, helder gedink het. Jerusalem en sy voorstede was vol arm mense wat kon doen met die kos en klere wat hierdie groot some geld vir hulle kon koop.

Maar Jesus red haar van 'n fanatikus se smaad. Hy verander haar in 'n bekende dame: nooit het Hy so hoog gepraat van enige ander hedendaagse mens nie! Hoe kan jy vra vir 'n hoër goedkeuring onder die Hemel? Hierdie beskeie boek het tot stand gekom as 'n klein vrug van daardie eerbewys deur Jesus - haar verhaal moet “oor die hele wêreld” verkondig word. Trouens, die ontnugterende waarheid kom tot ons deur dat ons miskien nie regtig “hierdie evangelie” kan verstaan nie, tensy ons hoor en waardeer wat die Bybel oor hierdie dame sê!

Daar is iets in hierdie verhaal wat lang-sluimerende akkoorde van musiek in ons siele aanroer. Ons kan alles verkondig oor die baie “leerstellings” waarna ons met graagte verwys as “die teenwoordige waarheid”, maar as ons hierdie verhaal weglaat, het ons ons luisteraars ontneem van noodsaaklike waarheid waarna mense in hierdie laaste dae honger en waaroor hulle graag meer wil verstaan.

Jesus het bedoel dat haar verhaal deel moet wees van die verkondiging van “die ewige evangelie” aan die wêreld. Tot en met die “eindtyd” was dit egter nie moontlik dat dit “oor die hele wêreld” vertel kon word, soos Hy gesê het nie. Die hartverwarmende waarheid in hierdie verhaal sal nog die eeue-oue versperrings van siele binnedring wat in die harte van Hindoes, Moslems, Boeddhiste, heidene, hardhartige sekulariste, lou Christene, alle mense opgestel is. Ons kan dalk die rede ontdek waarom ons boodskap nog nie die bewussyn van die “wêreldse” wêreld wat ons nog moet bereik, aangegryp het nie.

Om die intellek te oortuig met PowerPoint®-leerstellings is wonderlik; maar tensy die hart bereik word, is ons pogings tevergeefs. Jesaja praat van hoe die Vader Sy Seun Jesus versteek het as 'n geheime wapen, 'n “gepoleerde” pyl in “Sy koker”, om tot die wêreld se hart deur te dring. In

Maria se koker is die evangelisasie-pyl wat sy pad sal vind in moeilik bereikbare harte regoor die wêreld.

Wat Jesus gesê het, blyk duidelik te wees: ons moet haar in diens neem om ons te help om die hart te bereik. Maar tensy ons eie hart gesmelt word, hoe kan ons dit doen?

**Johannes verskaf ander belangrike inligting wat Markus weglaat**

Hy vertel oor die verrassende identiteit van wie daardie "sommiges" was wat Maria se verlore offer van "baie kosbare" salf veroordeel het (Johannes 12:1-8).

Die kritici blyk die *twaalf apostels* te wees, tot 'n ewige verleentheid! Hier vind ons hulle, slegs 'n paar dae voor Golgota, met geen beter begrip as om die mooiste daad wat ooit deur 'n berouvolle sondaar gedoen is, wat die kruisgebeure verhelder, saam te veroordeel.

Dan openbaar die apostel Johannes 'n selfs groter verleentheid. Behalwe dat hy bevestig dat die andersins naamlose heldin Maria Magdalena was, vertel hy ons hoekom die elf apostels so gereed was om hul stemme te verhef oor haar bittere veroordeling: *hulle het blindelings die leiding van Judas Iskariot gevolg, die een wat binnekort die verraaier sou wees.*

Die Elf het nie met daardie wrede woorde vorendag gekom om Maria se offer te veroordeel nie. Maar hulle was bereid om gelei te word deur die mees berugte afvallige van alle tye, en dit in die week voor die kruisiging, waarvoor hulle voorbereid moes wees. Hulle het al die lering ontvang wat Jesus vir hulle gegee het. (Maar hulle het nie geluister nie.)

Natuurlik het Christus hulle vergewe omdat hulle Judas in hierdie skandelike, verkeerde oordeel gevolg het, maar tot in alle ewigheid sal hulle hul vergeefde siele verneder vir hul blinde gewilligheid om die verraaier te volg in die veroordeling van die offer van Christus. (Om Maria se daad te veroordeel, behels die veroordeling van Jesus, soos ons sal sien.)

**Wie was hierdie dame?**

Vir eeue reeds is dit 'n gewilde siening van geleerdes en teoloë om Maria Magdalena as 'n prostituut te bestempel. 'n Verbasend gedetailleerde

mosaïekprent kom na vore uit mense se studies van alles wat die vier Evangelieskrywers oor haar sê, maar dit blyk dat die evangelies geen suggestie maak dat sy 'n prostituut was nie. In plaas daarvan was haar probleem 'n soort sonde wat haar in duiwelbesetenheid laat beland het.

Bybelverhale dui individue onbeskaamd as prostitute aan as dit so was. Niks word versteek nie. Dit lyk of Maria 'n selfs ernstiger probleem as eenvoudige prostitusie gehad het: sommige geleerdes glo dat hulle bewyse sien dat sy 'n nimfomaan was, 'n vrou wat buite haar redenerende verstand gedryf is deur 'n demoon van wellus, 'n demoon wat afgesonderlik gefunksioneer het van 'n begeerte na geldelike gewin.

Seksuele duiwelbesetenheid is nie 'n aangename obsessie nie. Sy gevangenes word vasgehou omdat die verstrengeling van seks in ons psigiese samestelling afgaan tot in die oorsprong van ons bestaan. Ons is wesens geskape na die beeld van God, "man en vrou." Seks is nie vir grappies nie; dit is 'n lewe-of-dood betrokkenheid by die diepgaande, kreatiewe geheimenisse van God.

En dit was nie een demoon in Maria wat tot uitdrywing geroep is nie; sewe dwarrel in haar siel rond. Die syfer "sewe" is nie 'n blote eufemisme nie. Bybelse bewyse dui daarop dat sy 'n baie intelligente persoon was; en hoe meer intelligent jy is, hoe meer demone kan in jou siel woon sodra hulle toegang bekom. Hierdie vrou was ver, baie ver afgedwaal.

**Hoe kon sy ooit so geword het?**

God skep nie mense in so 'n toestand nie! Die mosaïekprosastukke in die vier Evangelies stem ooreen om aan te dui dat die persoon wat haar aanvanklik seksueel mishandel het Simon die Fariseër was (die verhaal soos Lukas dit in hoofstuk 7 vertel kan niks anders beteken nie, soos ons sal sien[2]). Jerry L. Walls en Joseph R. Dongell ontleed 'n hipotetiese voorbeeld van wat gebeur met 'n onskuldige meisie wat hierdie lot ondergaan. Dit is 'n insiggewende blik op wat die bron van Maria Magdalena se probleem kon gewees het: "Beskou die geval van 'n jong meisie wat seksueel misbruik word deur haar oom. Die ervaring is emosioneel verwoestend en dra aansienlik by tot 'n diep negatiewe

[2] *Ek is dank verskuldig vir hierdie detail aan Ellen G. White, Signs of the Times, 9 Mei 1900*

selfbeeld, wat onder andere tot seksuele losbandigheid in haar lei… Sy worstel haar hele lewe lank met skuldgevoelens en minderwaardigheid."[3]

Maria se seksuele misbruik is duidelik op haar afgedwing toe sy jonk en kwesbaar was. Alhoewel haar ouer suster en broer prominent in die Bybelverhaal is, is daar geen besonderhede van 'n pa, wat Simon se broer sou gewees het nie. Om een of ander rede lyk dit of hy buite die prentjie is. Kontekstuele flitse in die verhaal dui daarop dat Maria se opvoeding verskaf is deur Simon, die prominente kerkleier wat in Betanië ('n voorstad van Jerusalem naby die huis van Maria se suster Martha en broer Lasarus) gewoon het.

Soos soms met ooms en niggies gebeur, kon Simon 'n emosionele verhouding met Maria aangeknoop het. Vaderloos, kon sy dalk in onskuld gereageer het op sy subtiele aggressie. Carsten Johnson in sy klein bundel, *The Writing in the Sand, the Part of the Story That You Were Never Told About Mary Magdalene*,[4] dui daarop dat sy swanger geraak het. Indien wel, sou oom Simon haar so gou moontlik in ballingskap wou verban het, sodat sy heilige en eerbiedwaardige reputasie nie beswadder word deur skinderpraatjies wat onmiskenbaar eg was nie. Maria se reis weg van haar tuiste sou verbittering gebring het met die diepste wrewels wat enige jong vrou kan ken.

Die gewilde siening wat haar identifiseer met die owerspelige vrou in Johannes 8:1-11, het blykbaar 'n gebrek aan Bybelse ondersteuning. Maria se probleem was duiwelbesetenheid, nie owerspel nie. As 'n Joodse jong vrou van 'n hooggeplaasde familie wat vroeg reeds toegewyde opleiding ontvang het saam met broer Lasarus en suster Martha, is dit onwaarskynlik dat sy ooit in prostitusie of owerspel sou verval het. Dit kan nie inpas met die konteks nie. Die vrou van Johannes 8 was in Jerusalem, en Maria se probleme het plaasgevind in Magdala, ver noord daarvandaan in Galilea.

Heel waarskynlik, as ons die menslike natuur in ag neem, lyk dit redelik dat Maria na Magdala sou gaan net om haarself in skaamte te begrawe. Sy het verval in die duisternis van wanhoop.

---

[3] *Why I Am Not a Calvinist, InterVarsity Press, 2004, p. 208.*

[4] *New York: Vantage Press, 1984.*

Die “nikswerd wat nêrens kom”-filosofie kon heel moontlik hare gewees het. Die helse duisternis van wanhoop en ooreenstemmende ongeloof het die broeiplek geword vir meervoudige duiwelbesetenheid.

Verder is die tydsberekening van die verhaal van die owerspelige vrou van Johannes 8 naby die einde van Christus se bediening, naby die ontknoping daarvan toe twis met die leiers van die nasie Sy komende kruisiging voorspel het. Maar Maria se probleem het duidelik geword lank tevore, tydens Christus se Eerste Sendingreis, omdat haar bevryding óf toe óf kort daarna plaasgevind het. Ons vind dat sy die groep op hul Tweede Sendingreis vergesel het. Maria se identiteit pas nie by 'n Jerusalem-prostituut of egbreekster nie.

Oom Simon was 'n baie prominente, gerespekteerde godsdiensleier. Daar mag geen storie van enige onbehoorlike verhouding met Maria aan die media van die dag uitgelek word nie. Maria, wat altyd geleer is om die ouderlinge en patriargale familiehoofde te respekteer, het haarself onderwerp aan sagmoedigheid om dus vertrap te word; sy het haar selfrespek verloor en haar emosionele fondamente is verpletter. Terwyl frustrasie en hopeloosheid in haar siel gevestig is, het sy soveel bittere haat in haar hart gekoester dat sy emosioneel ongesteld geraak het. Toe haar intellektuele insig met emosionele wanhoop saamgevoeg is, was dit 'n resep vir 'n briljante soort duiwelbesetenheid. “Sewe” sal dit goed beskryf.

Indien sy totaal beroof was van selfrespek ('n hartstoestand wat so 'n duiwelbesetening sou veroorsaak), kon ander mans haar ook mishandel het (daar was Romeinse soldate in Galilea). Haar haat teenoor mans in die algemeen sou net dieper en bitterder word. Dit sou dus nie lank duur voordat sy 'n menslike siel geword het wat deur hierdie agente van antieke duisternis bewoon is nie. Wanneer die Bybel op “sewe” aandring, impliseer dit dat sy buite die bereik van enigieen se terapeutiese hulp was.

Maar dit was deur goeie bestiering dat sy Iemand kon ontmoet wat geweet het hoe om haar te help, Iemand wat ons ook kan help.

**Hoofstuk 2: Hoe Maria vir Jesus Ontmoet Het**

Miskien het broer Lasarus of suster Martha die ontmoeting gereël. Sy het nog nooit 'n man ontmoet wat naastenby soos Hy is nie. Kunstenaars en romanskrywers deur die eeue heen se wilde verbeelding het met hulle weggehardloop om 'n seksuele aantrekkingskrag tussen Maria en Jesus voor te stel, maar die Bybel dui niks daarvan aan nie.

Jesus het geweet dat Hy die Seun van God is, maar Hy was ook die Seun van die mens, totaal mens, "in alle opsigte versoek soos ons, maar sonder sonde" (Hebreërs 4:15). Sy menswees was voortdurend ten toon gestel. Maar daar was nog nooit 'n vrou op Planeet Aarde so mooi en bekoorlik dat sy kon streef om die bruid van die vleesgeworde Seun van God te word nie. Hy was reeds "verlief" , "verloof" as jy wil, aan wat die Bybel van praat as 'n ander "vrou," Sy suiwer aanstaande kerk. Sy huweliksliefde was reeds daarop gerig. Die kerk, in 'n korporatiewe sin, sal uiteindelik "die Lam se vrou" wees vir wie Hy lank moet wag terwyl sy "haarself gereed maak."

Intussen, in Sy menswording, kon geen vrou haar plek inneem nie. Geen mindere liefde kon by Jesus aanklank vind nie! Diegene wat hierdie romans en flieks skryf, verstaan nie die karakter van Jesus of die aard van ware liefde nie. Wanneer jy reeds verlief is, kan geen ander inbreuk maak nie (dit is hoekom owerspel onmoontlik is vir enigiemand wat verlief is!). Die Seun van God het nog altyd Sy toekomstige huweliksmaat liefgehad.

In sy menswording het Jesus te veel ware liefde, bekend as *agape*, in sy hart gehad om enige vrou ooit die geringste aanmoediging te gee om aan Hom te dink as een wat romanties versoek is, alhoewel die Bybel sê dat Hy moontlik versoek kon wees. Dit was vir Hom erg genoeg om sy onskuldige moeder te laat toekyk hoe Hy gekruisig word; hoe kon Hy toelaat dat enige ander vrou so gemartel word, al skryf ons alle menslikheid aan Hom toe?

Die Skrif sonder Maria Sy moeder uit as die enigste vrou in die geskiedenis van wie gesê is dat "… 'n swaard sal deur jou eie siel gaan," soos die bejaarde Simeon vir haar in die tempel gesê het. (Lukas 2:34, 35; die Grieks sê dit sou *romphaia*, die vreeslike swaard van Goliat, wees). Jesus

sou enige ander vrou daarvan beskerm om Sy eie moeder se sielsmarteling te deel!

Maar Jesus het Maria Magdalena liefgehad, dis verseker, dieselfde as wat Hy enige ander menslike siel liefgehad het. Dit was met 'n onselfsugtige, suiwer, selfopofferende liefde. Omdat Hy “na die gelykenis van mense gemaak is” (Filippense 2:7) en alleenlik “Hý het geweet wat in die mens was” (Johannes 2:25), het Hy Maria verstaan soos geen ander mens ooit kon nie. Hy het die labirintiese kompleksiteite van haar vroulike menslike natuur verstaan, veral die misbruikte natuur van haar siel. Hy alleen as die mens se Skepper en Verlosser, het soos geen ander mens geweet hoe sy teenoor mans voel.

Selfs in toevallige kontak, sou Jesus op een of ander manier aan elke menslike siel wat Hy ontmoet het 'n gevoel van selfopofferende *agape*-liefde oordra. As daardie siel die hart sou oopmaak om dit te “aanskou”, sou 'n sekere mate van wederkerigheid onmiddellik begin het. Die herkenning sou eers onbeskryflik wees, want “dieptes roep tot dieptes” wanneer 'n mens se siel “neergewerp” is, soos hare.[5] Dit was nie 'n instinktiewe reaksie van haar kant af nie, maar een veel dieper as dit, want Jesus het gesê: “My skape luister na my stem...en hulle volg My” (Johannes 10:27). *Maria het die Stem gehoor*, hoe flou sy weerklank ook al was in haar verduisterde en dowe siel. Ons lees dat “agape vergaan nimmermeer” (sien 1 Kor. 13:8). Blykbaar sal, selfs in eerlike siele, wat deur die duiwel besete is, die vermoë om agape te voel ook “nooit vergaan nie.”

In die verborge lae van haar bewussyn het Maria die goddelike implikasies van 'n bo-aardse liefde begin aanvoel wat Hom uiteindelik na sy kruis gedryf het. *Dit was wat haar siel gewen het.* Daar was erkenning aan haar kant, al was dit net 'n millivolt in sterkte. Dit het vir haar na 'n volslae onmoontlikheid gelyk dat daar enige man op aarde *kon* wees wat haar met reinheid, dit wil sê, opreg, kan liefhê. Maar hierdie Een het. Die laaste sprankie siel wat lewendig in haar hart oorgebly het, is wakker gemaak. *Sy wou hê wat Hy gehad het*, iets oneindig dieper as seks of menslike minsaamheid.

---

[5] *Psalm 42:7,8. sien Afrikaans Contemporary Bible*

**‘n Les uit Jesus se Gebede**

As jy ooit in die versoeking kom om te wonder hoekom jy moet bid en weer moet bid, en dan weer moet bid, vir iemand se bekering (of selfs vir jou eie!), laat hierdie verhaal van Maria Magdalena jou inpsireer.

Selfs Jesus, die goddelike Seun van God, “die Verlosser van die wêreld”, moes “sewe keer” bid voordat Maria verlos is. Haar saak was 'n moeilike een (elke verlore siel s'n is so, insluitend joune en myne).

Niks in die Bybelverhaal dui daarop dat hierdie gebedseisoen slegs by een geleentheid plaasgevind het nie. ’n Wyse skrywer sê vir ons dat “sy sewe keer geluister het na Sy bestraffing van die demone wat haar hart en verstand beheers het.”[6] Demone gee nie maklik op nie, veral seksuele demone. Wat ook al die aard van haar wellus, Maria het slegs tydelike verligting gevind met die uitdrywing van die eerste demoon; maar haar selfvertroue is geïnisieer. Sy het bietjies-bietjies hoop begin vind. Soos in die lente na 'n koue winter het blommetjies in haar gemoed en hart begin blom. Ja, sy kan weer 'n vrou met selfrespek word!

Maar toe die versoeking haar aanval, het sy geval. En niks maak so seer soos die val nadat jy gedink het jy is verlos nie. In haar hernieude wanhoop kon Maria die Psalmdigter se gebed gebid het, “U het my opgehef en my neergewerp” (Psalm 102:11). Maar Jesus het weer vir haar gebid, en weer is sy verlos. 'n Tweede demoon is uitgedryf!

Dit is moeilik om te dink (tensy jy self deur stryde teen verslawing is) dat dit sewe keer kan gebeur! Jy kan net hoor hoe Judas Iskariot en die dissipels vir Jesus sê dat hierdie vrou hopeloos te ver gegaan het. “U kan nie almal red nie; sy is verlore! U maak van Uself ’n gek deur weer vir haar te bid!” Maar 'n sewende keer het Hy vir hierdie verlore siel gebid.

Ons is nie wys genoeg om te weet wat daardie sewende duiwel was wat uiteindelik uitgedryf is nie. Maar uit beperkte pastorale ervaring sou 'n mens voorstel dat dit heel waarskynlik die bittere wrok was wat Maria al die jare gekoester het teen die man wat haar lewe verwoes het, teen die

---

[6] *Ellen G. White, The Desire of Ages, p. 568.*

een wat haar siel vertrap het en met selfsug bo-oor die wrak van haar lewe sy leer van sukses bestyg het.

Maar toe sy haarself kon kry om hom te vergewe, om in 'n gesamentlike sin *namens hom* tot inkeer te kom, om te besef dat sy as 'n lid van die menslike geslag ook “gesondig het en dit ontbreek…aan die heerlikheid van God” (Rom. 3:23) en toe sy kon aanvoel dat sy geen geregtigheid van haar eie het nie, maar dat dit alles 100% deur Christus toegereken is, toe begin 'n nuwe lig oor haar skyn. Niks sou moontlik gewees het nie, tensy sy kon besef dat *sy sonde haar sonde sou wees, as dit nie was vir die genade van 'n Verlosser nie*. Toe het sy ontdek hoe die onmoontlike taak voor haar moontlik geword het: *sy het hom vergewe*.

**Nou is Sy Uiteindelik Vry!**

Die sewende en laaste duiwel was weg. Nou het sy gesing: “[My] siel het ontvlug soos 'n voël uit die vangnet van die voëlvangers; die strik is gebreek, en ek het ontvlug” (Psalm 124:7). Daar was geen gedagte om 'n boetedoening uit te voer nie. Daardie klein millivolt aanvoelbare *agape* het ontwikkel in 'n ligstraal van opgewelde hartswaardering daarvoor. Sy het uit die hel self ontsnap! Soos Christian en Hopeful wat uit ‘Giant Despair’ se donker kerker ontsnap het, toe hulle met trane gekyk het na die liggame van ander, net so waardig, wat daar in ongeloof omgekom het, het sy slegs trane van nederige maar dankbare berou geken.

Haar bekering was nie 'n program van werke nie. *Al wat sy gedoen het, was om te waardeer wat sy in Jesus gesien het*. Haar geloof het die toets van egtheid geslaag, omdat dit dadelik begin werk het, soos ons sal sien.

## Hoofstuk 3: Hoe Kan Maria “Dankie” Sê?

Sy het reeds ‘n ervaring van die hel gehad. Die bitterheid wat sy gedrink het, was verskriklik.

Die Bybel vertel ons nie van enige ander persoon wat die marteling van sewe demone gely het of so “verlate” van God gevoel het nie (die Groot Uitsondering is natuurlik die Verlosser aan Sy kruis wat uitgeroep het, “My God, waarom het U My verlaat?”).

In haar verlore toestand, so ver as menslik moontlik, het Maria die dieptes van afgryse ervaar wat uiteindelik diegene in die gesig staar wat kies om die tweede dood saam met Satan te ly.[7] Om uit daardie donker grot te stap in die sonlig van God se liefde het haar siel gevul met 'n saligheid wat niemand kan beskryf nie. (Ons kan almal daardie vreugde deel as ons net die duisternis van die grot kan waardeer waarin ons sou wees – was dit nie vir die genade van Christus nie!)

Maria moes "Dankie!" sê op een of ander manier, en wou dit hardop sê. Maar hoe kon sy? Alles was teen haar. Eerstens was sy 'n vrou. Die reel vir vroue is "Wees stil in die openbaar." Tweedens, sy het die laaste oorblyfsel van haar reputasie verloor. Dit blyk verder dat sy nie begaafd was om toesprake te maak nie; ons kan stel dat nie een van haar toesprake aangeteken is nie. (Sy was uiteindelik 'n groot prediker, maar nie met wyse woorde nie.)

Weereens, deur klein mosaïekfragmente saam te voeg soos deur die vier Evangelies verskaf, vind ons dat sy 'n unieke idee gekry het. Sy het iets gehoor wat die Twaalf te stadig van begrip was om te verstaan (vroue *het* wel 'n sesde sintuig, word ons vertel). Jesus het herhaaldelik gesê Hy gaan in Jerusalem sterf. Die Twaalf wou niks daarvan hoor nie. As Hy gaan *sterf*, dink Maria, kan sy ten minste Sy dooie liggaam salf met een of ander kosbare salf.

Drie van die Evangelies beklemtoon dat watter soort salf sy ook al gevind het, dit "baie duur" was. Die kenner van finansies, Judas Iskariot, het dit op "meer as driehonderd pennings" geëvalueer, silwer munte - die ekwivalent van 'n werkende man se loon vir 'n hele jaar.[8] As die apteker enigiets van mindere waarde "op uitverkoping" gehad het, het sy dit geweier. Wat sy gekoop het, was geskik vir die keiser, of ten minste vir sy hoogheid goewerneur Pilatus.

---

[7] *Die Bybel leer twee soorte dood: die tweede wat "die loon van sonde" in die laaste poel van vuur is (Openbaring 20:14); en die "slaap" wat die hele mensdom ly aan die einde van hul verblyf op aarde (sien 1 Thessalonicense 4:13-17).*

[8] *Matthéüs 20:1, 2.*

Dit was bekend as “nardus olie”, ingevoer uit die verre Himalajas van Noord-Indië, geproduseer uit die wortels van 'n spesiale plant wat net daar gevind word.

Maria het die kosbare albastefles vasgehou en blykbaar huis toe gegaan en dit weggebêre om die hartseer dag af te wag wanneer dit nodig sou wees. Sy moet geduldig wees (ons lees dat *agape* altyd sy besitter geduldig maak).

**Simon Kom in die Kollig**

Alhoewel Simon oënskynlik harteloos en wreed was oor die ballingskap van Maria, was Simon steeds 'n mens. Sy kerklike ambisies moes eindelik deur sy mensheid ingehaal word. Sy gewete kon nie anders as om belas te word met skuldgevoelens nie; hy het 'n vrou se lewe verwoes. In 'n sekere sin was haar bloed aan sy hande.

Hy kon vereenselwig met Dawid wat Psalm 32 geskryf het nadat hy Uria die Hetiet vermoor en sy vrou gesteel het. Die psalm pynig Simon se siel: “Dag en nag was u hand swaar op my” (Psalm 32:4). Die toneel van Maria se trane van verwoesting toe hy haar beveel het om weg te gaan, moes dag en nag in sy gedagtes wees, veral snags.

Skuldgevoelens dryf 'n mens tot sulke slapelose nagte en angstige dae, en daar is geen manier om dit te verlig nie. Hy kon 'n wonderlike ou by die kantoor gewees het, bedags al glimlaggende met kloppe op die rug van sy makkers, maar snags was hy alleen in die donker met die Heilige Gees se ondersoekende oortuiging.

Dit gebeur dikwels wanneer 'n mens onopgeloste skuldgevoelens dra, dat die swakste orgaan van jou liggaam in siekte verval. In Simon se geval het 'n gevreesde siekte hom toegetakel. Tot sy afgryse is hy met melaatsheid gediagnoseer, wat beteken het dat hy nou die huis moes verlaat. Hy sou bo-menslik gewees het as hy hom nie verbeel het dat 'n strenge Godheid hom terugbetaal het vir die wrede manier waarop hy Maria behandel het nie.

Ek is dank verskuldig aan 'n bedagsame skrywer vir 'n intieme blik: Simon het Jesus iewers ontmoet, en “Hom jammerlik gesmeek” om hom van sy melaatsheid te genees.[9]

Blykbaar het Jesus met genade gereageer en geen belofte of selfs toewyding van Simon se kant geëis nie – dit was altyd Jesus se gebruik. Al Sy genesings is gedoen met Nuwe Verbond genade. Simon het as gelukkige man teruggekeer huis toe, maar dalk nie so vreeslik dankbaar nie. Maar hy was 'n ordentlike soort man. Hy was genees van 'n aaklige siekte; hy moet op een of ander manier “Dankie” sê.

**Maar hoe kon hy?**

Omdat hy 'n ‘macho-man’ was wie se oë nooit met trane gevul is nie, kon hy nie doen soos Maria gemaak het toe sy met trane voor haar Verlosser op haar knieë geval het nie. Simon was 'n gesiene man in die gemeenskap, met geen sentimentaliteit in hom nie. Miljoene mans wens hulle weet hoe om 'n traan te stort. Van kleins af is hulle geleer om die natuurlike impulse van die mensdom te onderdruk, en hul harte word koud. Simon was gevange in die kilte van sy hart, en hy was ‘n strenge aanhanger van sy werksprogram.

Maar hy het uiteindelik besluit wat hy sou doen: hy sou 'n feesmaal hou en Jesus en sy dissipels uitnooi (sien Markus 14:3-5). Dit het ongetwyfeld 'n bietjie moed gekos, want dit was net 'n paar dae voor die kruisiging, en die Fariseërs se sentiment in die dorp was sterk teen Jesus. Hy sou niks sê wat hom in die verleentheid sou bring nie; sy gasvrye grootsheid sou stilweg die daad volbring. Probleem opgelos.

Soos die menslike natuur is, was dit onwaarskynlik dat hy Maria op die gastelys sou plaas. Trouens, Lukas vertel ons dat sy onafhanklik van 'n uitnodiging van Simon van die gala-geleentheid verneem het (Lukas. 7:37).

Toe sy wel daarvan hoor, het sy aan 'n beter idee gedink as om salf op die Verlosser se dooie liggaam te vermors: hoekom Hom nie salf terwyl Hy nog lewe nie? Sy het die kosbare Bybellering verstaan dat “die dooies niks

---

[9] *Ellen G. White, Spirit of Prophecy, vol. 2, p. 380.*

weet nie", dat hulle bewusteloos is in die dood.[10] Sy het haar kosbare albastefles vasgehou en na die feesmaal geloop en in werklikheid bloot ongenooid opgedaag.

Sy het Jesus gevind en agter Hom gaan staan waar Hy teruggeleun het. Al haar opgekropte dankbaarheid, omdat Hy haar uit die hel gered het, het losgebars in 'n onbeplande stortvloed van trane toe sy voor Jesus gekniel het. Lukas vertel die storie:

> "En een van die Fariseërs het Hom genooi om by hom te eet; en Hy het in die huis van die Fariseër gekom en aan tafel gegaan.
>
> En toe 'n vrou in die stad, wat 'n sondares was, verneem dat Hy in die Fariseër se huis aan tafel was, het sy 'n albaste fles met salf gebring en agter by sy voete gaan staan en geween; en sy het sy voete begin natmaak met haar trane en hulle afgedroog met die hare van haar hoof; en sy het sy voete gesoen en met salf gesalf.
>
> Toe die Fariseër wat Hom genooi het, dit sien, sê hy by homself: Hy, as Hy 'n profeet was, sou geweet het wie en watter soort vrou dit is wat Hom aanraak; want sy is 'n sondares." (Lukas 7:36-39).

Ek het al dikwels gewonder wat ek op hierdie tydstip sou gedoen het as ek Jesus was. Hy het die volle verhaal van Simon se eskapade met Maria geken. Moet Jesus opgee met Simon? Om Maria te red was 'n behoorlike uitdaging; hoekom nie huis toe gaan om te rus nie? Ek dink ek sou vir die gasheer gesê het: "Dankie, Simon, dat jy My genooi het. Dit was 'n heerlike aandete, maar ek het 'n ander afspraak. Ek sal die nagereg oorslaan. Totsiens." Ek sou by myself geredeneer het, "Laat hierdie kritikus oor aan homself."

Maar Jesus het ook liefde vir arme Simon gehad. As Maria se saak moeilik was, was Simon s'n nog moeiliker. Sy was geteister deur "sewe duiwels", maar hy het ook 'n agtste gehad. Sy siel was versper, gepantser deur 'n

---

[10] *Prediker 9:5.*

trots wat Openbaring beskryf as 'n muur van weerstand - die byna-hopelose hartstoestand wat Sy kerk nog ooit geken het nie - louheid.

Verskans in dieselfde “ryk-en-het-verryk-geword” toestand wat blykbaar die laaste van die sewe kerke van Openbaring 2 en 3 deurdring, was Simon amper ondeurdringbaar vir die versagtende invloed van die Heilige Gees. Hierdie semi-hardheid van hart is die mees uitdagende toestand van “verlorenheid” waarmee God te doen het in Sy belydende volk gedurende alle menslike eeue. Simon was amper onbereikbaar, soos aangedui deur die profesie aan “die engel van die gemeente van die Laodicense.” Byna niks kan sulke harte bereik nie.

**Wat *kon* Jesus vir hom doen?**

Hierdie vertelling bevat 'n pragtige voorbeeld van Jesus se alledaagse ervarings. 'n Briljante insig in Sy geheime persoonlike lewe word beskryf deur Jesaja omtrent Sy daaglikse oggendoordenkings:

> “Die Here HERE het My ‘n geoefende tong gegee, dat Ek kan weet om die vermoeide te verkwik met woorde; Hy wek elke môre, Hy wek my oor om te hoor soos die leerlinge. Die Here HERE het my oor geopen, en Ek was nie wederstrewig nie; Ek het nie agteruitgewyk nie.” (Jesaja 50:4, 5,)

*Die Boodskap* beeld dit só uit:

> “Die Here het vir my die vermoë gegee om mense wat neerslagtig is, weer moed in te praat. Elke oggend spits ek my ore om verder by die Here te leer…. Ek is nie opstandig teen Hom nie. Ek is ook nie ver van die Here af nie.” (Ibid, *Die Boodskap*).

Jesus moes daardie selfde oggend ernstig gebid het tot die Vader om Hom te leer wat om te sê, watter probleem ook al daardie dag opduik. (Ons het ook hierdie geleentheid om dit “elke oggend” te leer!)

Die Heilige Gees het in die gedagtes van Jesus 'n storie geflits wat Simon van homself kon red, en ons ook, as ons die kern daarvan kan begryp. Dit was 'n reaksie op Simon se self-gelukwensende mymeringe:

> “Simon, daar is iets wat Ek graag vir jou wil vertel.”

“Praat maar. U is mos die leermeester. Ek luister,” het Simon geantwoord.

Jesus vertel toe vir hom ’n kort verhaaltjie: “Twee mans het geld aan ’n bankbestuurder geskuld; die een 80 000 rand, en die ander 8 000 rand. Maar hulle kon nie hulle skuld betaal nie. Toe besluit die bestuurder na ’n ruk om hulle skuld af te skryf. Sê vir My: Wie van hierdie twee mans was die blyste? Wat dink jy?”

“Die een wat die meeste geld geskuld het,” het Simon geantwoord. “Jy is heeltemal reg,” het Jesus gesê. (Lukas 7:40-43, *Die Boodskap*).

Simon sou sekerlik intelligent genoeg wees om dadelik die punt te verstaan. Die vrou wat hy verag het, was die een wat die R8 000 geskuld het; hý het die R80 000 geskuld.

Jesus kon die saak daarby gelos het, en hy sou geseënd gewees het met 'n besef van sy ware skuld. Maar die Heiland het gekies om die mes diep in te steek:

“Toe draai Jesus na die vrou toe terwyl Hy nog met Simon praat. “Simon, jy het gesien wat hierdie vrou alles vir My gedoen het. Baie meer as jy. Jy het nie eens die moeite gedoen om water by jou deur neer te sit sodat die stof van my voete afgewas kon word toe Ek hier aangekom het nie. Maar hierdie vrou het my voete met haar trane gewas en met haar hare afgedroog.’” (Luk.7:44; *Die Boodskap*).

Simon moes gebloos het. Maar die mes steek nog dieper in:

“Jy het My ook nie baie hartlik ontvang nie, nie eens ’n warm handdruk of ’n vriendelike omhelsing gegee nie. Maar hierdie vrou kon nie ophou om my voete te soen nie.” Luk.7:45; *Die Boodskap*).

Simon is nou seker bloedrooi. Maar daar is meer wat kom:

“Jy het ook nie ’n geskenk vir My gehad nie, nie eens ’n bietjie reukolie wat Ek aan my hare kon sit om lekker te ruik nie. Maar

> hierdie vrou het sommer ’n hele bottel reukolie oor my voete uitgegooi.” (Luk.7:46; *Die Boodskap*).

Almal het elke woord gehoor. Simon sou seker graag deur die vloer wou val. Dan spreek Jesus die formule wat Simon broodnodig moes leer, en wat God se “lou-warm” mense vandag glad nie verstaan nie:

> “Ja, hierdie vrou het baie lelike dinge aangevang. Maar dis nou verby. Haar sondes is vergewe. God dink nie meer daaraan nie. Daarom doen sy al hierdie wonderlike dinge vir My. Jy het nie die vaagste idee wat dit vir ’n sondaar soos sy beteken om deur God vergewe te word nie. Daarom dien jy Hom so halfhartig.” (Luk.7:47; *Die Boodskap*).

Daar is iets diepgaande hierin omtrent die moeilikste taak wat ons ooit kan leer en wat almal van ons moet leer: *hoe om lief te hê*. Kan dit maklik word as ons eers hierdie formule waarvan Jesus praat, verstaan?

**Wat het dan met Maria gebeur?**

Aan die einde van hierdie gesprek met Simon, met sy rug steeds na die Fariseër gedraai, het Jesus Maria aangespreek en vir haar gesê:

> “Jou geloof het jou gered; gaan in vrede.” (Luk.7:50, AOV).

Dit laat die vraag ontstaan: wat is geloof? Dit het Maria gered, al was sy totaal verlore. Jesus wou haar ervaring gebruik om vir ons lig te werp op die ware definisie daarvan.

## Hoofstuk 4: “Wat is Geloof?” Jesus Antwoord

By die partytjie het Jesus vir Maria gesê om te “gaan in vrede, jou geloof het jou gered.” Sy het 'n kosbare besitting gehad: opregte “geloof.” Maar wat is dit?

Die Chinese het ‘n gesegde dat 'n prentjie 'n duisend woorde werd is. Geloof is die *sine qua non* (noodsaaklikheid) van ware Christelike ervaring. Geregtigheid is slegs deur geloof, “nie uit die werke nie, sodat niemand mag roem nie.” (Efésiërs 2:8, 9).

Maar ons moet egte geloof onderskei van die vervalsing daarvan as ons ooit vrede in die hart wil ken. Jesus lig Maria se hartsreaksie uit, op Sy verlossing van haar "sewe duiwels", soos wat die Chinese dit graag wil hê: in 'n "prentjie" van geloof. Maria se verhaal maak dit vir ons maklik om te verstaan. Hierdie prentjie is meer werd as duisende woorde.

Om daardie definisie eenvoudig te stel: geloof is 'n hartswaardering van die *agape*-liefde wat daartoe gelei het dat die Seun van God vir ons aan die kruis gesterf het. Daardie geloof is wat Maria gehad het.

Vanaf haar eerste kontak met die Verlosser het sy haar hart begin oopmaak vir die Heilige Gees om daardie *agape* in te "skink." Sy kon aanvanklik nie veel ontvang nie, maar dag vir dag het haar kapasiteit begin toeneem.

In Sy eerste kontak met haar in Magdala, het Jesus uitdrukking gegee aan daardie *agape*, miskien nie in woorde nie, maar in Sy kyk, in Sy aanraking, in Sy Gees, in die vurigheid van Sy gebed vir haar verlossing. Sy was amper heeltemal verlore, maar daar was steeds 'n klein oorblyfsel van haar siel hier binne-in haar wat met daardie klein vonkie van waardering gereageer het. Daarna, met elke opeenvolgende gebed gedurende die volgende ses sessies, het haar waardering vir Sy *agape* gegroei.

Wat haar daarna gemotiveer het, was nie vrees vir die hel nie, nie hoop op beloning nie, nie liefde vir die hemel nie, nie begeerte vir lof van ander nie, maar 'n totaal nie-egosentriese waardering vir "die breedte en lengte en diepte en hoogte – die liefde *[agape]* van Christus … wat die kennis oortref" (Efésiërs 3:18, 19).

Sy het die realiteit ervaar van die heerlike proses van Romeine 5:5:

> "en die hoop beskaam nie, omdat die liefde *[agape]* van God in ons harte uitgestort is deur die Heilige Gees wat aan ons gegee is."

Dit begin met 'n leë hart, die *agape* vul dit soos jy 'n beker wyn vul!

Sodra die hart gevul is, vloei dit alles so maklik en natuurlik na ander toe as wat dit vanuit die hart van Jesus ingestroom het. Dit is jy wat probeer om soos Jesus op te tree nie; "aanskou", sien, begryp die werklikheid wat in Sy hart was; voel aan wat dit Hom gekos het om jou te red; dan vloei

dieselfde gedrag uit jou eie hart. Soos om na 'n wedstryd in ‘n arena te kyk, sien ons hoe hierdie drama onbewustelik in Maria ontvou. Sy is 'n demonstrasie van hoe 'n sondaar gered word.

**Die skakel tussen die liefde van Christus en die geloof van Maria**

Toe sy die albaste fles kosbare salf breek om Jesus te salf, het sy 'n les vir die wêreld gegee. Sy het dieselfde gees van opoffering getoon wat Jesus se lewe en dood geïllustreer het. Maria se daad is vir ons van spesiale belang, want dit is 'n illustrasie van dit wat Hom na sy kruis gelei het.

Haar optrede by Betanië staan enkel-alleen in die geskiedenis uit as die mooiste, mees hartroerende daad wat ooit deur 'n berouvolle sondaar gedoen is. Dit was intiem betrokke by die uitwerking van die groot stryd tussen Christus en Satan, want dit was welkome bewyse vir Jesus en die heelal wat dit aanskou, dat Satan se grootse stelling verkeerd was: *die mensdom is inderdaad in staat om 'n hartswaardering te verkry vir die offer wat Jesus gemaak het.*

Maria het geen geregtigheid van haar eie gehad nie; maar haar Verlosser se geregtigheid is aan haar *oorgedra*, om nou 'n integrale element van haar karakter te word. Sy het dit verwelkom. Dit is nie bloot wetlik *toegereken* nie; dit het *woonplek* in haar siel gevind. Soos Job lank tevore Satan verkeerd bewys het toe hy gedemonstreer het dat iemand God sonder beloning kan dien, so maak Maria nou 'n wonderbaarlike demonstrasie, maar besef nie haar rol nie.

Sy demonstreer die mag wat implisiet in 'n verbintenis is. Sy verbrand alle brûe agter haar; van nou af het sy haarself aan die Verlosser gegee, alles gelê op die altaar van Christus. Paulus het gesê, “Want vir my is die lewe Christus” (Filippense 1:21). Sy het voortaan geen probleem met “gehoorsaamheid” nie. Dit is nie net uiterlike dade nie; *dit is in haar hart*.

**Het sy Jesus gehelp?**

Stel jou voor hoe haar edele daad die hart van die Verlosser verbly het in sy donkerste ure toe Hy aan sy kruis gehang het! Geen engel uit die hemel kon vir Hom die troos gebring het wat die herinnering aan haar offer, met oë vol trane, Hom gegee het nie. In haar opofferende geloof wat op Hom gerig was, het Hy die belofte van Sy uiteindelike vreugde onderskei. Die

beproewing van sy siel sal vir Hom 'n kosbare beloning koop – die regverdigmaking van *baie* deur “die geloof wat deur die liefde werk.” (Galásiërs 5:6; Jesaja 53:11).

Christus se dood aan die kruis het voldoen aan die wetlike eise van die versoening. Goed. Teoloë kan eindeloos daaroor stry. Maar die opwekking van sulke berouvolle liefde *in menseharte* is wat lewens verander. Dit gee die Heiland 'n beloning vir die betaling van die prys ten koste van Homself.

**Verskuldig aan Christus en verskuldig aan hierdie vrou!**

Die wêreld het nog nooit erken dat dit dalk iets aan Maria verskuldig is nie. Sy het die erg-versoekte Een in Sy tyd van sy grootste nood aangemoedig. Die kilhartige Twaalf het Hom nie so 'n vertroosting soos Maria gebied nie, maar het haar verag vir haar buitensporige offer.

Maria het nie geweet hoekom sy oortuig was om dit te doen nie. Sy is slegs aangemoedig deur een of ander ondeurgrondelike, dog onfeilbare rede, genaamd *agape*. Sy het alles wat sy het spandeer om hierdie salf te koop. Wat werklik gebeur het, was dat sy Christus se liggaam “vooraf” gesalf het vir die begrafnis. En Hy het dit ten volle waardeer!

Sy was totaal en al glad nie in staat om haar optrede voor die verwytende dissipels te verdedig nie, sodat Jesus self tot haar redding moes inspring. Deur haar verdediging te onderneem, het Hy die voorval omskep in 'n les oor die betekenis van die kruis.

Trouens, uit wat Hy gesê het, blyk dit dat 'n simpatieke waardering van Maria se diep roerende daad *nodig is* indien ons die evangelie self wil verstaan. Hy het ‘n hoë aansien van haar daad aan Sy volgelinge in alle eeue gegee: “Oral in die hele wêreld, waar die evangelie ook al verkondig word, sal daar, ter herinnering aan haar, vertel word van wat sy gedoen het.” Oneindig beter as enige marmerinskripsie vir 'n Romeinse keiser!

Dit is genoeg rede om aandag te gee aan Maria.

**Maar hoekom het Jesus haar so buitensporig geprys?**

Was Hy so ongebalanseerd soos wat sy blyk te wees? Kon Hy nie meer terughoudend en konserwatief in sy opmerkings gewees het nie? Wyse mense is oor die algemeen nie so entoesiasties nie.

Dit is ter wille van “hierdie evangelie” dat die geur van haar daad oral verkondig gaan word, soos Jesus sê. Hier is die sleutel om die verwarring in hierdie saak aan te spreek. *Maria het ‘n preek gelewer*. Jesus se buitensporige liefde het 'n buitensporige reaksie geëis, en daarom *moes* Jesus haar verdedig. Hy moes Sy kruis verdedig! Hy het genoeg rede gesien:

- Haar daad verlig die evangelie en laat ‘n helder lig skyn op die beginsels van liefde, opoffering en grootsheid.
- Die foutvindery van die dissipels ontbloot ons natuurlike menslike hardheid van hart, in reaksie op die liefde wat daar geopenbaar word.
- As ons by hierdie geleentheid teenwoordig was, sou ons dit moeilik gevind het om nie ons standpunt saam met Judas Iskariot in te neem nie. Hy het met gewone gesonde verstand gepraat! Waarskynlik sou baie kerkrade en konferensiekomitees “Amen!” gesê het op sy finansieël-gesonde oordeel.

Maria het iets gedoen wat op die oog af irrasioneel en verkwistend was. As “driehonderd pennings”, die waarde van die salf, die loon van 'n dagloner vir 'n volle jaar verteenwoordig het (“'n penning per dag” is die gewone betaling, Matthéüs 20:2), sou die bedrag waarskynlik genoeg gewees het om 'n maaltyd vir vyfduisend mans te voorsien “behalwe vroue en kinders,” volgens Filippus se konserwatiewe skatting. En dit kon baie arm gesinne gehelp het (sien Johannes 6:7 en Matthéüs 14:21). Hoekom het Jesus nie hierdie klagte aanvaar nie?

As ons nie die uitkoms van hierdie drama van Betanië geken het nie, wat sou ons van hierdie sinnelose buitensporigheid gedink het? Wie van ons sou nie met die dissipels simpatie gehad het in hulle gevoelens van verontwaardiging nie? Hierdie emosioneel versteurde vrou verdien teregwysing! “Waarom is hierdie geurige olie nie vir driehonderd pennings verkoop en aan die armes gegee nie?”

**Maar Jesus verdedig self vir Maria**

Ons kan vra, “Here, sou dit nie 'n meer nugter, praktiese daad van toewyding wees om 'n paar druppels te gebruik om U hoof te salf, en dan

wat oorbly vir ons liefdadigheidsfonds te verkoop nie? Waarom kom U so heelhartig vir haar op?”

Ons mag Hom dank dat sulke yweraars soos Maria vandag maar 'n klein minderheid in die kerk is. Hierdie klaarblyklik roekelose buitensporigheid van Jesus se kant af, is verwarrend.

Hy kon dalk iets moois vir haar gesê het, sodat die warmte van haar toegeneentheid teer geprys word terwyl Sy uitdrukking hierdie uitspattigheid sagkens betreur. Hy kon haar vriendelik aangemoedig het en terselfdertyd die geregverdigde verontwaardiging van Sy Twaalf tot bedaring gebring het. Dit is wat enige wyse predikant sal probeer doen om sy kerkraad bymekaar te hou!

Maar Jesus doen dit nie! Die ongelukkige boetvaardige probeer ongemerk ontsnap, oorweldig deur verwarring en verleentheid, uit vrees dat haar suster Martha, haar broer Lasarus en moontlik selfs Jesus sal dink sy is dwaas en onverstandig. Maar Sy woorde vang haar en druk haar vas. Hy verhef Sy stem bo die gemor van die dissipels: “Laat haar staan; waarom val julle haar lastig? Sy het ‘n goeie werk aan My gedoen" (die woord “*goeie*” is *kalos* in die Grieks, wat ‘presies’, of ‘presies reg’ beteken).

Hy plaas geen goedkeuring op die dissipels se oënskynlike agting vir die armes nie, maar Hy plaas 'n ander interpretasie op Maria se motief, en dit blyk 'n dieper en meer *ware* daad van liefdadigheid te wees. Haar daad was 'n manier om die evangelie te verkondig. Hy was in werklikheid besig om aan haar daad 'n simboliese betekenis te gee, en selfs sy was onkundig daaroor:

- In die albaste fles, gebreek aan sy voete, het Hy sy liggaam erken, gekneus en gebreek vir ons.
- In die kosbare salf wat op die vloer vermors is, het Hy gesien hoe Sy bloed “vir baie uitgestort word tot vergifnis van sondes”, maar tog deur die meeste van die mense op aarde verwerp en verag word.
- In die motief wat Maria se daad aangespoor het – haar hartgebroke, berouvolle waardering vir Sy opoffering – het Jesus die ware weerspieëling van Sy liefde vir ons gesien.

- In haar opoffering om die salf te koop met wat moontlik die somtotaal van swaarverdiende spaargeld[11] was, het Hy die volslae uitstorting van Homself gesien, in Sy goddelike Liefde vir ons as mens.
- In haar oënskynlike uitspattigheid het Hy gesien hoe die grootsheid van die Hemel se offer uitgestort is, genoegsaam om 'n hele wêreld te red, maar tog waardeer deur slegs 'n handjievol van sy inwoners.

Jesus was verplig om Sy wonderbaarlike kruis te verdedig voor diegene wat waarderende harte moes gehad het vir die onuitspreeklike waarde daarvan!

**Dis Pateties, Ons sien Onsself in die Kil Harte van Simon en die Twaalf**

Judas het net minagting gehad vir hierdie weerspieëling van die suiwerste en heiligste liefde wat die ewigheid geken het; en die dissipels kon net die aansporings van sy selfsugtige kritiek volg. Durf ons onsself heiliger as hulle ag?

Ons moet goed onthou dat Maria ingelig is deur die geheimsinnige influisteringe van die Heilige Gees. Hy daal af na ons sonder om ‘n rede te verskaf. Slegs in 'n gebroke en berouvolle hart kan daardie inspirasie ingang vind.

Die dissipels was onbewus van daardie inspirasies, tog het hulle in die privaatheid lering ontvang oor Jesus se naderende dood, wat Maria waarskynlik nie duidelik gehoor het nie. Hulle was veronderstel om voorbereid te wees om dit te begryp. Maar nou het 'n ongeleerde vrou *'n preek* oor die kruis gelewer wat meer welsprekend is as selfs Petrus s'n op Pinksterdag. Tot vandag toe boei dit die harte van diegene wat daaroor nadink.

Nou sien ons dat kennismaking met die historiese besonderhede van die kruisiging, niks is in vergelyking met 'n hart wat dit waardeer nie. As vlees en bloed nie die leerstelling van Christus as *persoon* kan verstaan nie, soos

[11] *Dit lyk onvanpas om haar 300 silwermunstukke te reken as 'n prostituut se loon! (Sien Deuteronomium 12:18.)*

die Heiland in Cesaréa Filippi[12] gesê het, kan vlees en bloed ook nie die lering van die *kruis* verstaan nie.

**Hoofstuk 5: Hoe Maria se daad Christus se offer vir ons illustreer**

Dink aan die *motief* wat Maria aangespoor het. Sy het dit nie gedoen met 'n hoop op beloning of selfs begeerte na lof nie. Sy wou ongemerk wees. Net die skielike geur wat die kamer gevul het, het haar verraai. Geloof wat deur liefde alleen werk, was haar beginsel wat haar leiding gegee het, en dit was ook 'n weerspieëling van Jesus se liefde vir sondaars.

Wat was die motief wat Hom na Sy kruis gelei het? Teoloë kan hul lywige boeke skryf en probeer om die vreemde daad op Golgota te beantwoord, net om uiteindelik uitgeput terug te keer tot die besef dat geen rede gegee kan word nie, behalwe *agape*.

Hoe bemoedigend is dit vir Jesus om die beeld van Sy eie karakter in Maria weerspieël te sien! "In 'n sondaar?" vra jy. Ja, in "'n vrou ... wat 'n sondares *was*" (Lukas 7:37) en 'n ernstige een daarby, het Hy Homself sien reflekteer. Aangesien 'n positiewe afdruk van 'n foto van 'n negatief kom, het Hy in haar liefde die afdruk of gelykenis van Sy eie patroon van liefde gesien. "My smaad het my hart gebreek," roep Hy (Psalm 69:20); bekering het nou haar hart gebreek deur die bediening van Sy eie gebroke hart. Hare het soortgelyk aan Syne geword.

Hemelse engele, sing julle triomfliedere! Dit is bewys dat die plan van verlossing suksesvol is! 'n Groot mylpaal is bereik. Wat die kille harte van die Twaalf betref, lyk dit of die risiko wat God op Golgota neem, nog nie geregverdig is nie, maar dit is suksesvol vir hierdie vrou van Betanië. Dit beteken dit sal suksesvol wees vir baie! Die offer van God in Christus het sy komplementêre offer uit haar siel gehaal: "'n gebroke gees: 'n gebroke en verslae hart." Gelukkig is God anders as die dissipels; Hy sal dit "nie verag nie" (Psalm 51:19).

**Oordink die *offer* van Maria se daad**

---

[12] *Matthéüs 16:17*

Dit skyn die helderste as dit vergelyk word met Jesus se offer vir ons. Deur haar te prys, het Hy gesê: “Sy het gedoen wat sy kon.” Hy het ook alles gedoen wat Hy kon.

Ons weet nie of Maria ooit op 'n tydelike manier beloon is vir wat sy spandeer het by die aankoop van daardie salf nie. Maar mag Hy wat Homself ontledig het, “Homself verneder en gehoorsaam geword het tot die dood toe, ja, die dood van die kruis” (Filippense 2:8), mag Hy genoegsame beloning vind vir *Sy* offer! Ons het geen albaste fles salf om op Sy voete te breek nie, maar kan ons ten minste trane vind om dit mee te was? Here, kan U nie “sewe duiwels” in ons vind om uit te dryf sodat ons kan leer om lief te hê soos Maria nie!

**Die *grootsheid* van Maria se daad skyn die helderste wanneer dit vergelyk word met dié van Jesus se offer**

Die dissipels se redenasie was: Waarom hierdie uitspattigheid met iets so kosbaar? Dit word vermors op die vloer! Driehonderd silwer munte in die drein af! Ons is ook lief vir Jesus, maar net 'n paar druppels op Sy hoof sou genoeg gewees het, Maria.

So sou ons geredeneer het!

Tot vandag toe is die menslike hart nie in staat om die grootsheid van Golgota se offer te waardeer nie, tensy die Heilige Gees op een of ander manier tot ons kan deurdring.

- Waarom word die goddelike lewe gegee as “’n losprys vir baie” as net ’n paar sal reageer?
- Waarom word 'n Niagara van selfopofferende liefde uitgestort terwyl dit alles behalwe 'n paar druppels skynbaar vermors is?
- Sy offer was voldoende om die hele aarde se biljoene sondaars te verlos; hoekom word so 'n prys betaal as die uiteindelike opbrengs so karig sal wees?
- Waarom moet Sy goddelike Gestalte met droefheid en trane oorval word oor “Jerusalems” wat nie weet en nie omgee oor die “dag van hul besoeking” nie?

- Waarom nie die liefde en die uitdrukking daarvan beperk tot die paar wat sal reageer, eerder as om 'n oneindige hoeveelheid te vermors, wat nutteloos lyk?[13]

Dit is hoe die dissipels geredeneer het oor Maria se grootsheid; en baie dink vandag op dieselfde manier aangaande Hom vir wie haar liefde maar 'n tipe was.

Om te antwoord kan ons net sê dat liefde nooit eg is nie, tensy dit verkwis word. Liefde het nooit ‘n einde nie, dit doen nooit berekeninge nie. Maria se “baie kosbare” albaste fles salf was nie 'n winskoop wat sy op uitverkoping gekoop het nie; sy het die volle prys betaal vir die beste wat gekoop kon word, sonder om met afguns aan ekonomie te dink.

’n Mens kan jou indink dat sy by die winkelier inloer. Omdat hy haar aanskou as net nog 'n arm inwoner van die dorp, stel hy 'n goedkoop opsie voor. “Het jy niks beter nie?” vra sy.

“Ja, maar dit sal jou twee honderd pennings kos.”

“Het jy dalk iets beter as dit?” hou sy vol.

“Ek het die heel beste en duurste, maar dit sal driehonderd kos. Jy kan dit nie bekostig nie, Maria; dit is net vir 'n goewerneur of ‘n keiser!”

“Ek sal dit neem,” antwoord sy. Met haar geloofsmotief wat deur liefde werk, kan sy niks minder doen nie.

Kon God, wat self liefde is, minder as sy uiterste doen? Hy het nooit daaraan gedink hoe om die verlostes te red teen die minste moontlike koste vir Homself nie. Die hemel, die “ivoorpaleise” (Ps.45:9, AOV), die toewyding van 'n magdom engele, die trone van 'n oneindige heelal, die ewige lewe, ja, die kosbare geselskap van die Vader – dit alles het Christus vryelik opgeoffer om Homself te gee. 'n Oseaan van die water van die lewe is uitgeput, en die enigste opbrings is 'n paar brose erdehouers gevul met

---

[13] *Hierdie redenasie word vandag gehandhaaf deur baie Christene wat streng Calvinistiese predeterminisme aanhang. Hulle verstaan dat Christus slegs vir die uitverkorenes gesterf het.*

menslike trane van geloof en liefde! Hoe oneindig kosbaar moet daardie "kruike" (Psalm 56:9) vir Hom wees!

> "Wag op die HERE, o Israel! want by die HERE is die goedertierenheid, en by Hom is daar *veel* verlossing;" (Psalm 130:7).

Simon die melaatse se kille reaksie op Maria se daad is 'n steurnis vir ons.

Ons gasheer was 'n stille getuie van Maria se daad van toewyding. Dit lyk asof hy nie bekommerd is oor die uitspattigheid daarvan soos die Twaalf nie. Nog groter duisternis as dié hang oor sy gemoed en sy siel, al is hy ook, soos hulle, eerlik en prakties.

Hy het steeds nie geglo dat Jesus die Verlosser is nie, alhoewel hy gehoop het dat Hy inderdaad kan wys dat Hy die Messias is. Nadat hy die opwinding van 'n wonderbaarlike genesing van melaatsheid ervaar het, het hy nou toegegee om die Galileër en Sy arm volgelinge na hierdie sosiale geleentheid te nooi, sodat hy sy dankbaarheid kan toon. Sodoende vermy hy om Jesus die eer te gee van die erkenning dat Hy 'n sosiale eweknie is.

Simon kyk na die verhewe skouspel van 'n berouvolle sondares wat die traanbevlekte voete van die wêreld se Verlosser met haar hare afvee, en redeneer in homself met duister gedagtes: "Hierdie Man, as Hy 'n profeet was, sou weet wie en watter soort vrou dit is wat Hom aanraak, want sy is 'n sondares" (Lukas 7:39). Hoe swaar onderskei die eiegeregtige hart die getuienisse van die hemel!

In die gelykenis wat Hy gebruik het om die arme Simon te verlig, openbaar Jesus die les van die kruis wat lig werp op elke eerlike hart wat stilstaan om dit te ondersoek: *jy het lief in die mate wat jy voel jy is vergewe.*

Is jy maar 'n klein sondaar? Dis reg so, jy is gedoem om min lief te hê.

Simon, wat aanvanklik die een was wat Maria in sonde gelei het, was duidelik die skuldenaar wat vyfhonderd pennings geskuld het. Deur Simon se kille liefdeloosheid te kontrasteer met die warm toewyding van Maria, het Jesus taktvol aan sy verduisterde gemoed die werklik verstommende besef geopenbaar: Maria se berouvolle liefde moes syne gewees het *indien die een wat die meeste vergewe is, die meeste sou liefhê.*

Die lig wat selfs nou van die kruis af skyn, het Simon se hart verlig en die byna hopelose sondaar wat hy was, aan hom bekend gemaak. Die oneindige jammerte van Jesus het hom gered van 'n uiteindelike ondergang groter as wat Maria s'n sou gewees het. Simon kon ook Wesley se lofsang, "Jesus, Lover of My Soul" gesing het, net soos Maria.

**Pasop vir 'n misverstand**

Die gelykenis van Jesus was nie bedoel om te wys dat verskillende grade van verpligting deur ons as onderskeie sondaars gevoel moet word nie. Beide Simon en Maria was oneindig en ewig in die skuld by die goddelike Skuldeiser. Maria se liefde was egter te danke aan die eenvoudige feit dat sy *geweet* het dat sy 'n sondares is en *baie* vergewe is. Simon is min vergewe omdat hy *gevoel* het dat hy maar min gesondig het.

Kan enigiemand in God se ewige koninkryk homself bo ander verhewe stel? "Ek was nooit soos daardie eenvoudiges nie! *Ek* het uit 'n goeie familie gekom en aan die regte kant van die treinspoor grootgeword! *My* vriende was nie die armsalige mislukkings wat losbandig geleef het of dwelms gebruik het nie. *Ek* het redelik goed gedoen op my eie, en al wat ek nodig gehad het, was 'n effense hupstootjie om my oor die rantjie in die koninkryk te kry!"

Sal sulke woorde nie eerder kom van iemand wat buite die stadspoorte kerm, eerder as van iemand daarbinne nie?

As Paulus homself "die vernaamste sondaar" kon noem, kan ons nie ook dit doen nie? Mag hierdie lig van die kruis skyn op die gevoellose hart van Laodicea, die laaste van die sewe groot kerke van die geskiedenis! Louwarm, eiegeregtige heiliges sal agter die tollenaars en hoere in die ry staan, wat, soos Maria, hulle gewilliglik sal bekeer wanneer hulle die laaste boodskap van genade hoor. "Baie wat eerste is, sal laaste wees; en die laastes sal eerste wees" (Matthéüs 19:30).

## Hoofstuk 6: Die "Werke" Wat Maria Se Geloof Gedoen Het

As ons besef dat ons wêreldse harte koud en kil is, indien geen trane van dankbaarheid ooit in ons oë opwel nie, hoe moet ons maak? Moet ons uitgaan en onsself aan die duiwel oorgee en Maria se val herhaal, sodat

ons kan leer hoe om “baie lief te hê”? Nee, want ons sal dalk nooit ons pad terug vind soos sy nie. Maar daar is 'n beter manier om te leer hoe om “baie lief te hê.”

(a) Besef, (b) sien, (c) kyk, (d) begryp hoe jou ware skuld groter is as wat jy dit vir jou voorgestel het. *Sien* – hoe jy sy aan sy met Simon sit wat “vyfhonderd pennings” skuld, nie net ’n vyftigtal nie. *Dink aan wat jy sou wees* as Jesus jou nie reeds van jou ware potensiaal “gered” het nie.

Ek onthou hoe ek 'n dokumentêr oor Nazisme gekyk het. As ek 'n Duitse seun was wat onder Hitler grootgeword het, omring met daardie aanhoudende propaganda, wat geleer is om bevele te gehoorsaam, getrou op 'n patriotiese manier, wat sou ek geword het? Toe ek gebore is, het ek geen ingeboude verdediging gekry wat my meer regverdig sou gemaak het nie!

Die New English Bible gee ons bekende teks, wat ons 'n bietjie selfvoldaan kan laat voel, korrek weer. Romeine 3:23 sê gewoonlik vir ons dat ons gesondig het, wel, sommige: “Almal het gesondig ...” Maar die ware weergawe is: “Almal is gelyk en het gesondig.” (“All *alike* have sinned…”) Niemand van ons as mense is *van nature* meer regverdig as enigiemand anders nie.

Ons almal het deur ons gene en chromosome dieselfde sondige, gevalle natuur geërf. Ons is afgeskei van God *gebore* en dus vervreemd van geregtigheid. Ons staan elkeen op ons eie; ons moes almal *leer* van 'n Verlosser. Ons moes die evangelie *aanhoor* – dit is nie standaardtoerusting in ons gene nie. As ons dit *nooit hoor* nie, wie weet waar kan ons opeindig?

Watter “goedheid” ons ook al mag dink dat ons besit, was toegereken en oorgedra aan ons as ‘n gawe van Christus se geregtigheid. As Hy ons sou laat gaan, sou ons hulpeloos wees, wat beteken dat ons magteloos sou wees om onsself te red van die boosheid wat ons sondige natuur ons sou aanspoor om te doen.

Sonder die genade van Christus sal die sondes van iemand anders dus ook ons sondes wees. Dit *is* ons sondes ... was dit nie vir Hom nie! Die boodskap van Christus se geregtigheid maak dit duidelik dat die geregtigheid 100% Syne is; nie eers 1% is ons s’n nie. Maar ons wêreldse

harte verpes hierdie nederige denke. Die Jode in Christus se tyd het dit verag; vandag is ons netso geneig daartoe. Om die eerlike waarheid te sê: ons is in dieselfde bootjie as Simon die Melaatse.

**Ons skuld die volle vyfhonderd pennings**

Hierdie "formule" wat Jesus aan Simon uitgespreek het ("baie vergewe, baie liefhê; min vergewe, min liefhê"), indien dit verstaan word, word dit 'n waarheid wat 'n lou kerk sal omskep in een met 'n hartklop van lewe uit die hemel.

Jesus het besef dat dit vir Simon net so moeilik sou wees om dit te begryp as wat dit vir ons in Laodicea is om dit nou te begryp. Daarom het Hy geweet dat Hy hard tot Simon moes spreek met verwoestende logika, sodat hy sy ware toestand kon sien. By gebrek aan 'n beter woord word die "formule" ("baie vergewe/baie liefhê") beskryf as "korporatiewe skuld" en "korporatiewe bekering." Korporatiewe skuld is vir sondes wat ons dalk nie persoonlik gepleeg het nie, maar wat ons weet ons *sou* gepleeg het as ons 'n groot genoeg versoeking teëgekom het, en as ons nie 'n Verlosser gehad het wat ons hand vasgehou het nie.

Iemand het wyslik gesê dat "die boeke van die hemel die sondes aanteken wat gepleeg sou gewees het as daar geleentheid daartoe was."[14] Jy kan in benoudheid uitroep: "Daar is geen einde aan my skuld nie! Dan is daar geen hoop vir my nie!" Maar daar was hoop vir Maria – redding uit haar sewe duiwels; daar was hoop vir Simon – met sy agtste. En laat ons onthou: as die afmetings van ons ware korporatiewe skuld so wyd is soos die hele wêreld wat die Seun van God gekruisig het, is daar ook die oneindige geregtigheid van Christus wat Hy verlang om ons toe te reken en met ons te deel. Hy het diegene vergewe wat Hom gekruisig het – ons is dié wat Hom gekruisig het. Ons is vergewe!

Daar is geen Bybelse aanwysing dat Jesus se selfopofferende arbeid vir Simon se siel tevergeefs was nie; die Fariseër se hart is aangeraak. Hy het ongetwyfeld 'n bekeerde volgeling van Jesus geword. Daardie dag is Christus se oggendgebed verhoor!

---

[14] *Ellen G. White, Signs of the Times, 31 Julie 1901.*

En voordat Jesus gesterf het, het Hy in Simon se bekering 'n profesie van Laodicea se bekering gesien! Hou vas deur geloof; daar is hoop vir haar. Die kerk kan genees word.

### Hoofstuk 7: Maria Magdalena en Daardie Vreemde "144 000"

Dit lyk of Maria op verkeerde plek in die geskiedenis geplaas is. Jesus het haar geprys met Sy mees entoesiastiese bekragtiging ("wat sy kon, het sy gedoen," wat beteken, sy het *alles gedoen wat sy kon*). Nou kom hierdie vreemde groep mense wat ook die hoogste lof in die geskiedenis kry as daar gesê word dat hulle "die Lam volg waar Hy ook al gaan... In hulle mond [is] geen bedrog gevind nie, want hulle is *sonder gebrek*" (Openbaring 14:4, 5). Dit is redelik hoë CV's! Nêrens in die geskiedenis is hulle gedupliseer nie.

Dit lyk of Maria nouer gemeenskap met hierdie vreemde groep vind as onder die Twaalf. En dit is eers aan die einde van die tyd dat ons hierdie toetrede sien van die langverwagte "eerstelinge vir God en die Lam" in die verskyning van hierdie geheimsinnige groep.

As Jesus ook vir Maria so hoog geprys het, wil dit voorkom asof haar toetrede tot die geskiedenis uitgestel moes gewees het totdat daardie spesiale laaste-dae-groep vorendag kom. Sy verdien gemeenskap onder hulle meer as onder die Twaalf. Maar daar is 'n rede hoekom sy gekom het toe sy gekom het, net voor Jesus moes sterf.

Dit is hoe die laaste groep beskryf word:

> "En ná hierdie dinge het ek vier engele op die vier hoeke van die aarde sien staan, en hulle het die vier winde van die aarde vasgehou, sodat geen wind sou waai op die aarde of op die see of teen enige boom nie. En ek het 'n ander engel sien opkom van die opgang van die son, met die seël van die lewende God; en hy het met 'n groot stem geroep na die vier engele aan wie dit gegee is om die aarde en die see te beskadig en gesê: Moenie die aarde of die see of die bome beskadig voordat ons die diensknegte van onse God op hulle voorhoofde verseël het nie.

En ek het die getal van die verseëldes gehoor: honderd vier en veertig duisend verseëldes….” (Openbaring 7:1-4).

Daar is duidelik 'n paar identifiserende kenmerke:

- Hulle het die “Vader se Naam op hulle voorkoppe geskrywe” (Open. 14:1). Hulle het ook “die seël van die lewende God … op hulle voorhoofde” (Open. 7:1-4).
- Hulle beklee 'n deurslaggewende plek aan die einde van die menslike geskiedenis omdat hul verseëling saamval met vier engele wat die uiteindelike uitbreek van mensehaat – 'n totaal ongekende stryd – teruggehou. Dit blyk te bepaal wanneer die “144 000” as 'n groep op die wêreld se verhoog kom.
- Hulle is “sonder skuld voor die troon van God” en dit inspireer die mees glorieryke uitbreek van simfonieë en koormusiek ooit. “En ek het die geluid gehoor van siterspelers wat speel op hulle siters. En hulle het ‘n nuwe lied gesing voor die troon en voor die vier lewende wesens en die ouderlinge; en niemand kon die lied leer nie, behalwe die honderd vier en veertig duisend wat van die aarde vrygekoop is.” (14:2, 3). Hulle vier 'n oorwinning waarop die Hemel lankal wag.
- Hulle moet diegene wees van wie Jesus in Sy boodskap aan “die engel van die gemeente van die Laodicense” praat, want gedurende 'n tyd wanneer oorwinning bespot word as “perfeksionisme” het hulle stil en dapper “oorwin... soos [Christus] ook oorwin het” (Open. 3:21). Dit is 'n onderskeiding wat gereserveer is vir die laaste een van die sewe kerke. Maria Magdalena het die wêreld 'n blik gegee op een persoon wie se geloof 'n weerspieëling was van die geloof en *agape* van Jesus; nou demonstreer 'n menigte dit.
- Maria het uit 'n aaklige ervaring van besetting deur sewe demone gekom, en daarom sal haar vreugde van verlossing baie skaars wees. Hierdie “144 000” het 'n ervaring wat ook skaars is in die wêreldgeskiedenis. “Dit is hulle wat uit groot verdrukking gekom het en hulle klere gewas en wit gemaak het in die bloed van die Lam” (7:14). Hulle “verdrukking” kan heel moontlik fisiese nood met bloedvervolging wees, soos ons oor die algemeen aanvaar; maar daardie “groot verdrukking” kan ook 'n ontsettende hewige stryd met bose geeste wees.

- Hulle ken 'n lewenstryd wat tot in die dieptes van die mens se siel strek. Jakob se beroemde “nag van worsteling” was nie een van blote fisiese marteling nie; die geestelike angs en geestelike dimensies voorspel hierdie finale stryd van die “144 000”. As niemand anders hul spesiale lied kan sing nie, moet dit beteken dat geen vorige groep in die geskiedenis ooit die erns van die geestelike stryd wat hulle sal hê, geken het nie.
- Jesus het aangedui dat Maria se geloof uniek in die geskiedenis is, tot op daardie tydstip. Nie eers Abraham, “die vader van die gelowiges”, het sulke lof verdien as wat Jesus aan haar gegee het nie. Die “144 000” staan dus uniek aan die einde van die geskiedenis, en sing daardie “nuwe lied voor die troon” wat geen ander groep toegelaat word om te sing nie. Nie een het hul unieke ervaring gehad nie.
- Blykbaar moet 'n mens uit 'n stryd met “sewe duiwels” kom om te kwalifiseer! Watter geslag in die geskiedenis is gekonfronteer met die grootste aanloklikhede van Satan se mees meesterlike versoekings, behalwe hierdie geslag waarin ons vandag leef? Slegs in 'n era van wêreldterrorisme kon so 'n seëvierende geloof die uiterste versoeking tegemoetgaan wat hierdie geloof so in die besonder ten toon stel.
- Die “144 000” demonstreer “die eerstelinge aan…die Lam”, en dit lyk amper onmoontlik dat Jesus tot aan die einde van die tyd moet wag en wag voordat Hy sulke “eerstelinge” van Sy groot offer kan sien.
- Wat van al daardie wonderlike wedervaringe van mense “deur geloof” in Hebreërs 11, en wat van die verhale van die hervormers en martelare van die afgelope twee millennia? Is hul prestasies nie voldoende vir hierdie eer nie? Moet hierdie groot menigte eenkant toe staan, hul monde toemaak en eerbiedig luister terwyl hierdie spesiale koor van “144 000” hul lied alleen sing? Blykbaar moet die antwoord ja wees. Daar moet 'n rede wees.

Wie hierdie vreemde groep ook al mag wees en of hulle getal letterlik of simbolies is, durf ons nie aandui nie. Wat ons verseker weet, is dat hul verskyning op die verhoog die teken is vir die afsluiting van die jarelange “groot stryd tussen Christus en Satan.”

Hulle maak dít moontlik wat die Hemel begeer het om te sien, sedert die uur toe Jesus aan Sy kruis, voor Hy gesterf het, voorsien het dat Sy offer

eendag sulke vrugte *sou* dra. Voordat Hy Sy hoof kan buig en sterf, moet Hy weet (soos Psalm 22 sê) that "Die ootmoediges *sal* eet en versadig word; húlle *sal* die HERE prys wat na Hom soek; *mag julle hart vir ewig lewe*! Al die eindes van die aarde *sal* daaraan dink en hulle tot die HERE bekeer, en al die geslagte van die nasies *sal* voor u aangesig aanbid. Want die koninkryk behoort aan die HERE, en Hy heers oor die nasies…. 'n Nageslag sal Hom dien; dit sal vertel word van die HERE aan die volgende geslag." (Psalm 22: 27-32). Daardie "nageslag" demonstreer die geloof wat die heelal sal verlig voor die einde van die groot stryd tussen Christus en Satan. Die engele smag daarna om dit te sien.

Christus het die groot kosmiese oorwinning behaal, maar nou, voordat Hy moet sterf, moet Hy toegelaat word om verder te kyk om *deur geloof* die eindresultaat daarvan *te sien*. Dis nie dat Hy 'n groot beloning vir Homself wou pluk nie; Hy was besig om sy siel uit te stort in die dood, die tweede dood. Soos iemand wat kies om op die *Titanic* te bly en sy plek op die reddingsboot aan ons af te staan, was Hy bly, omdat *ons harte* "vir ewig sal lewe."

Daardie "geslag" wat "Hom dien" is waarvoor Hy gewag het. Sy bediening in die Allerheiligste van Sy hemelse heiligdom is wat hulle bemoedig vir die laaste beproewing. Die "uitverkorenes" moenie meegesleur word deur die finale stortvloed van die vyand se spervuur van bedrieglike versoeking nie.

**Die "144 000" het 'n spesiale rol in hierdie laaste groot drama**

Elke individu sal sy unieke persoonlike oorwinning demonstreer deur te oorwin "net soos [Christus] oorwin het". Elkeen sal sy eie unieke stryd hê. Blykbaar sal Satan 144 000 verskillende soorte versoekings hê wat ontwerp is vir elke kategorie van menslike ervaring. Daar is alkoholisme, dwelmverslawing, pornografie, seksuele afwykings, mense wat voel dat hulle tot die rand van die selfmoordkrans gedryf word, lou kerkaanhangers – almal is mense wat direk hand-tot-hand in die tweestryd betrokke was met die Vyand van siele. Hulle menswees, wat "na die beeld van God" geskep is, het die vyand se poging om dit te vernietig, weerstaan. Hulle het 'n gewigtige verwantskap gevoel met Maria Magdalena in haar geestelike kerker van wanhoop.

Hulle sal almal een gemene deler van versoeking ken, ja; maar uit elkeen van die wydverspreide uiteenlopende kulture van die Ooste, Afrika, Oos-Europa, Maleisië, “kom hulle uit die ooste en weste” aan en elkeen het 'n unieke stryd as individu, en elkeen verheerlik Christus op 'n unieke, ongedupliseerde wyse.

Selfs uit die dieptes van die Hollywood-kultuur moet sommige die genade ontvang om te oorwin! Ook hulle kan Christus op 'n unieke manier verheerlik. Openbaring waarborg dat sommige selfs uit Rome se pouslike hof van die Vatikaan vorendag sal tree en die waarheid van die evangelie dapper sal omhels wanneer die vierde groot engel met ‘n groot stem kragtig uitroep (sien Openbaring 18:1-4 en 15:2, 3).

**Maria, jou broers en susters is op pad!**

Hulle het almal hulle stryde met sewe demone gehad, soos jy jou geveg met hulle gehad het, en hulle het almal deur geloof oorwin *net soos jy* – julle almal deel 'n spesiale gemeenskap met die Lam wat Sy stryd aan Sy kruis gewen het. Almal het daardie “breedte en lengte en diepte en hoogte” van die oneindige *agape* van Christus besef. Hulle het uiteindelik volwasse geword “tot die mate van die grootte van die volheid van Christus”, 'n korporatiewe beweging van gelowiges wat voorbereid is om 'n bruid te wees wat “haarself gereed gemaak het” vir “die bruilof van die Lam.” Die bruid se klere is “die geregtigheid van die heiliges”, die geregtigheid van Christus[15] wat aan hulle oorgedra is sodat dit nou hulle s’n geword het deur geloof[16] (sien Openbaring 19:7, 8). Dit is na Sion wat hulle kom. Jesaja beskryf hierdie groot menigte wat tydens daardie laaste universele evangelisasieveldtog ingestroom het:

> “Slaan jou oë rondom op en kyk—hulle almal kom bymekaar, hulle kom na jou toe; jou seuns kom van ver, en jou dogters word op die heup gedra. Dan sal jy dit sien en straal van vreugde, en jou hart sal ontroer en verruim word.… En uitlanders sal jou mure bou, en hulle konings sal jou dien.… En jou poorte sal altyddeur oopstaan; hulle sal bedags of snags nie

[15] *Dikaiosune in Grieks*
[16] *Dikaiomata in Grieks*

gesluit word nie… En jou volk sal almal regverdiges wees" (Jesaja 60:4-21).

Hierdie byna oneindige versoekings sal individue teiken van "elke stam en taal en volk en nasie" van die laaste dae. Vir elkeen het "die ewige evangelie" uniek geword, die individuele, persoonlike "krag van God tot redding vir elkeen wat glo."

Elkeen is 'n belangrike deel van die geheel. Die groot stryd kan nie uiteindelik as geheel suksesvol verklaar word voordat elke aanval van die Vyand oorwin is nie. Elkeen wat "die geloof van Jesus" uitoefen, sal Sy krag demonstreer, sodat daar iemand uit elke demoniese gevangenskap regoor die wêreld gered word – sal ons sê, 144 000 kategorieë? Jy is belangrik!

Die nederigste persoon in sy nederige plek sal sy oorwinning-belaaide beproewing hê, wat 'n fraksie van een 144 000$^{ste}$ van die geheel is. En daar sal ook "konings" en "prinse" wees wat hul deel van die finale las moet dra. Die hele menigte van gelowiges in hulle intieme verhouding sal saam in hulle totaliteit staan as die weerspieëling van die hart van die versoekte maar oorwinnende Seun van God aan Sy kruis. Maria was die prototipe, die miniatuurprofesie van wat sal wees.

'n Gewilde sienswyse is om die vooruitsig van 'n "kerk" as geheel, wat geestelik sal groei om te "oorwin soos [Christus] oorwin," as onmoontlik te beskou. Die idee word dikwels as "perfeksionisme" afgemaak. Maar diegene wat nie die on-egosentriese aard van Christus se definisie van geloof aanvoel nie, kan nie begryp hoe goed hierdie Goeie Nuus is nie. Dit blyk dat sowel die wêreld as die kerk oorgegee is aan die soeke na die self; selfs ons "geregtigheid" is ego-georiënteerd. Ons definisie van geloof is egosentries. Ons gesange is dikwels deurspek met self. Self is die "heilige" deel van ons kommer. Ons soek 'n "balans" tussen besorgdheid oor onsself en hopelik 'n mate van besorgdheid oor Christus, maar nou het "balans" ons gewilde louwarm toestand geword – deels warm, deels koud; 'n bietjie liefde vir die wêreld, 'n bietjie liefde vir Christus.

Maar om lou te wees sal iets van die verlede word. Sy tyd is verby. Die stil prediker van Betanië het dit vir altyd verban.

**Jesus was verheug voordat Hy sy laaste asem uitgeblaas het**

Sy *agape* het sy wonders verrig in die een verloste siel van Magdala. Die toets was suksesvol. Maria se Christelike ervaring het aan die Verlosser daardie prototipe gegee, die versekering waarna Hy gesmag het, voordat Hy gesterf het. 'n Geloof wat Sy *agape*-opoffering waardeer het, het *een persoon* voortgebring wat Sy karakter weerspieël het; *'n volk* van regoor die wêreld wat "sonder gebrek voor die troon van God staan" sal dieselfde doen. Geen wonder dat die gekruisigde Jesus gesterf het met Sy gesig verlig met 'n gloed van heerlikheid nie.

Die Here het in Sy groot genade die mees kosbare boodskap aan Sy volk gestuur wat hulle sal voorberei om "op die groot dag van God te staan". Hierdie boodskap sal opstyg tot 'n groot luide uitroep wat elke menslike hart sal opwek om die finale keuse te maak, om dit te ontvang of te verwerp.

Maria se geloof, geïnspireer deur *agape,* kan ons die nuwe maniere leer om harte met die ewige evangelie te bereik. Geen komitee kon haar nuwe manier uitdink om die boodskap te verkondig nie. So sal elkeen in die Here se 144 000 kategorieë van heiliges elkeen sy of haar eie spesiale bydrae lewer tot daardie vierde engel se geseënde taak om die aarde te verlig met die heerlikheid van die finale boodskap. Liefde sal hulle leermeester wees.

Die dame wat eens deur sewe duiwels beset was, het gedink sy is nutteloos, maar sy was baie belangrik.

So ook jy.

# Maria Magdalena

Maria Magdalena is óf 'n briljante persoon wat wyslik optree, óf sy is dalk 'n wilde fanatikus. Daardie “drie honderd pennings” (silwer munte) is 'n kolossale som wat sy in net 'n paar oomblikke van aromatiese saligheid by hierdie partytjie geblaas het. Met die eerste gedagte wil dit voorkom asof “sommige” wat nie gehou het van wat sy gedoen het nie, helder gedink het. Jerusalem en sy voorstede was vol arm mense wat die kos of klere kon gebruik het wat hierdie groot som geld vir hulle kon gekoop het.

Maar Jesus red haar van die lot van 'n fanatikus. Hy verander haar in 'n bekende dame: nooit het Hy so hoog gepraat van enige ander hedendaagse mens nie! Hoe kan jy vra vir 'n hoër goedkeuring onder die Hemel? Hierdie beskeie boek het tot stand gekom as 'n piepklein vrug van daardie lofrede deur Jesus – haar verhaal moet “oor die hele wêreld” verkondig word. Trouens, die ontnugterende waarheid kom tot ons deur dat ons miskien nie werklik “hierdie evangelie” mooi verstaan nie, tensy ons hoor en waardeer wat die Bybel oor hierdie dame sê!